# DIE SKIETLOOD

201e Uitgawe 22 April 2022
saam met Koersvas 201

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind**

**Teks 8**. Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns beloof Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, die rus vir hulle siele en die ewige lewe.
*Quotquot autem per Evangelium vocantur, serio vocantur. Serio enim et verissime ostendit DEUS verbo suo, quid sibi gratum sit, nimirum, ut vocati ad se veniant. Serio etiam omnibus ad se venientibus et credentibus requiem animarum, et vitam æternam promittit.*

**Verklarende kommentaar**
Die Evangelie is 'n ernstige saak wat nie ligtelik afgemaak kan word nie. Almal wat geroep word, word in erns geroep. Wie ookal geroep word, word met - en in erns geroep. Met hierdie stelling wil die opstellers van die Dordtse leerreëls betuig dat die verkondiging van die Evangelie meer as net 'n simboliese of formele handeling is. Dit is nie net 'n formaliteit om die dood en opstanding van Jesus Christus te verkondig nie. God se wil is dat al die geroepenes na Hom toe sal kom. Om dit te kan doen moet hulle geroep word; hulle moet die verkondiging van die Evangelie hoor. Ons as mense het geen idee van die bevolking van die ware kerk nie. Ons weet net dat sekere mense die ewigheid gaan ingaan. Ons weet nie wie dit is nie. Ons kan daarom nie anders as om die blye boodskap met toewyding en erns **aan alle mense** te verkondig nie. Dit is ons taak om die wil van God te gehoorsaam en sy uitnodiging aan alle mense te rig. **Wie gered word, is 'n saak tussen daardie mense en God.** Ons leef in die oortuiging dat God ons geroep het en derhalwe sal ons God se uitnodiging aan alle mense rig. Die verkondiging kan nooit gepaard gaan met 'n losse benadering nie. "Laat God's water oor God's akker loop" kan nooit as slagspreuk gebruik word nie. Jesus se opdrag in Matteus 28 moet ernstig opgeneem word en met toewyding uitgevoer word. God sal oor die uitslag beslis volgens Sy genadige wil. Die verkondiging van die Evangelie geskied op verskillende maniere, en word op verskillende maniere ontvang. Die opdrag om te verkondig word nie beperk deur die vermeende ontvanklikheid van die toehoorders nie. Die opdrag is om dit aan almal te verkondig.

**Teks 9**. Baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom nie na Hom toe nie en word nie bekeer nie. Die skuld hiervoor lê nie in die evangelie of in Christus wat deur die evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat mense deur die evangelie roep en aan hulle ook verskillende gawes gee nie. Die skuld lê by die geroepenes

self. Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hulle hart nie, met die gevolg dat hulle ná 'n kortstondige blydskap van die tydelike geloof weer terugval. Ander weer, laat die saak van die Woord deur die dorings van die sorge en deur die welluste van die wêreld verstrik en dra geen vrugte nie, soos ons Verlosser dit in die gelykenis van die saaier leer (vgl. Matt 13). *Quod multi per ministerium Evangelii vocati, non veniunt et non convertuntur, hujus culpa non est in Evangelio, nec in Christo per Evangelium oblato, nec in Deo per Evangelium vocante, et dona etiam varia iis conferente, sed in vocatis ipsis, quorum aliqui verbum vitæ non admittunt securi; alii admittunt quidem, sed non in cor immittunt, ideoque post evanidum fidei temporariæ gaudium resiliunt; alii spinis curaram et voluptatibus sæculi semen verbi suffocant, fructusque nullos proferunt; quod Servator noster seminis parabola docet, Matt. xiii.*

**Verklarende kommentaar**

Dit is belangrik om te beklemtoon dat die Evangelie verkondig moet word. Indien mense nie die Evangelie gehoor het nie, kan hulle nie 'n lewenskeuse maak nie. Eers na die Evangelie verkondig en gehoor is, kan daar keuses gemaak word. Almal moet dit hoor, baie gaan die verkeerde keuse maak. Onder diegene wat verlore gaan is daar drie negatiewe reaksies en derhalwe drie groepe van mense wat verlore gaan te identifiseer.

Die eerste moontlike reaksie is om nie tot geloof te kom nie. Dit is wat inderdaad met baie mense gebeur. Mense hoor die blye boodskap maar kom nie tot bekering nie, kom nie tot geloof nie. Wie se skuld is dit? Die feit dat die mens eers kan kies indien die alternatief gestel is, impliseer dat dit die mens se keuse is om te luister of nie. Daar is nie fout by die Evangelie of by Christus nie. Die inhoudelike van die Evangelie is met ander woorde nie intern foutief nie. Indien daar by Christus en die Evangelie geen fout is nie, kan die skuld vir ongeloof nie voor die verkondiging gelê word nie. Die skuld vir ongeloof kan ook nie voor die voete van God gelê word nie. God roep alle mense en gee aan alle mense gawes; verskillende gawes aan verskillende mense. God roep en gee met ander woorde. Ongeloof kan nie die skuld wees van die een wat roep en gee nie. Die skuld moet toebedeel word aan die een wat gekies het. Die mense wat nie tot geloof kom nie, moet derhalwe die skuld vir hulle ongeloof op hulself neem. Dit beteken dat ook die skuld vir die gevolge van ongeloof, by die mense wat die keuse gemaak het, moet tuiskom. Daar is verskillende redes wat aangevoer kan word vir die keuse om nie te glo nie. Een van die hoofredes vir mense se keuse tot ongeloof, is 'n sorgeloosheid. Dit is met ander woorde mense wat nie die erns van die wekroep tot geloof ernstig opneem nie. Hulle dink ook nie aan die gevolge van die keuse wat hulle maak nie. In onnadenkende sorgeloosheid kies die mense dan teen God. Hulle moet die gevolge van hulle keuse dra, of hulle nou daaroor gedink het of nie.

Die tweede reaksie is om die boodskap met blydskap aan te neem en tot geloof te kom. Sommige mense maak die keuse oppervlakkig en het dan kortstondige vreugde. Dit is diegene wat die boodskap hoor, maar nie ter harte neem nie. Hulle lewe met vreugde in die oomblik van bekering, maar

internaliseer nie die keuse of die Evangelie nie. Hulle geloof is kortstondig en verdwyn soos mis voor die son. Hulle uiteinde is dieselfde as diegene wat by aanhoor steeds ongelowig gebly het. Hulle is per slot van sake steeds ongelowiges wat die gevolge van ongeloof sal moet dra.

Die derde groep aanhoorders wat opeindig in 'n bestaan van ongeloof, is diegene wat die boodskap hoor, internaliseer en begin oordink. Hulle laat egter nie die Evangelie toe om hulle in beslag te neem nie. Hulle is in naam wel gelowiges, maar die wêreld heers steeds in hulle doen en late. Hulle laat die bekommernisse van die lewe toe om hulle geloof te verswelg. Hulle laat die drifte van die lewe toe om ongetemd in hulle lewens te heers. Die gevolg is dat hulle geloofslewe geen vrugte dra nie. Die plant van geloof kom op, maar bly vrugloos en kan nie van ander ongelowiges onderskei word nie. Hulle geloof word by wyse van spreke deur die versoekinge en verdrukkinge van die lewe versmoor.

Al drie hierdie groepe herinner aan die sade waarna verwys word in die gelykenis van die saaier soos ons dit vind in Matteus 13, Markus 4 en Lukas 8.

**Teks 10.** Ander mense weer, wat deur die verkondiging van die evangelie geroep is, kom en word bekeer. Dit moet egter nie aan die mens toegeskryf word nie so asof hy hom deur sy vrye wil van ander onderskei wat net so 'n groot of genoegsame genade tot geloof en bekering ontvang het. Só stel die hooghartige kettery van Pelagius dit. Dit moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. Hy roep almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering. Nadat hulle uit die mag van die duisternis verlos is, bring Hy hulle ook in die ryk van sy Seun, om die deugde van Hom, wat hulle uit die duisternis tot sy wonderbare lig geroep het, te verkondig en om nie in hulleself nie, maar in die Here te roem. So getuig die Apostoliese geskrifte telkens.

*Quod autem alii, per ministerium Evangelii vocati, veniunt et convertuntur, id non est adscribendum homini, tanquam seipsum per liberum arbitrium ab aliis pari vel sufficiente gratia ad fidem et conversionem instructis discernenti (quod superba Pelagii hæresis statuit), sed Deo, qui ut suos ab æterno in Christo elegit, ita eosdem in tempore efficaciter vocat, fide et resipiscentia donat, et e potestate tenebrarum erutos in Filii sui regnum transfert, ut virtutes ejus, qui ipsos e tenebris in admirandam hanc lucem vocavit, prædicent, et non in se, sed in Domino, glorientur. Scriptura apostolica passim id testante.*

**Verklarende kommentaar**

Teenoor die groep mense wat nie tot geloof kom nie, staan die mense wat in God glo. Die vraag is of die manier waarop hierdie geloof tot die mens kom, aan die mens toegedig kan word, sonder om God se almag af te speel teen menslike vrye wil. Dieselfde Evangelie word aan alle mense verkondig. Een groep se harte bly hard, word vir 'n oomblik week of word deur die lewe verswelg. Dit is die groep mense wat nie tot ware inkeer en geloof kom nie. Aan die ander kant is daar diegene wat wel tot bekering kom en waarlik glo. Wat moet ons nou van hulle sê?

Waarom is daar so 'n verskil tussen mense wat dieselfde boodskap ontvang? Almal ontvang dieselfde groot en genoegsame genade. Daar is met

ander woorde nie 'n ander boodskap wat aan die uitverkorenes gebring word nie.

Die boodskap van die Evangelie word ewe suiwer en kragtig aan alle mense gebied.

In lyn met Pelagius is daar mense wat die oorsaak vir die verskil in die mens self soek en vind. Hulle beweer dat die mens se vrye wil die deurslag gee. Pelagius het die klem geplaas op die mens se vrye wil en die mens se rol in redding beklemtoon. Vanuit Pelagius se perspektief is die mens se keuse die bepalende faktor ten opsigte van redding, gesien in die lig van die Evangelie se appèl wat dieselfde tot alle mense kom.

Die Dordtse leerreëls stel die derde alternatief. Die verskil moet aan God toegedig word. God het die mens uitverkies. In die taal van die tyd verklaar die opstellers dat God van ewigheid (buite tyd) sekere mense in Christus as Sy eiendom uitverkies het. Dit is God wat in die loop van tyd mense kragdadig roep, wat geloof en bekering gee en in die geloof behou.

Dit is God wat die mense uit die duisternis red. God bring die gelowiges uit die mag van die duisternis na die ryk van die lig. Dit is deur Sy deugde dat hierdie wonderdaad moontlik is. Dit kan dan nie anders nie as dat mense wat in die ryk van die lig lewe, die deugde besing van Hom wat hulle daartoe gebring het.

God se Seun het die mens gered. Dit kan nie anders as dat Hy geloof sal word nie. Dit kan nie anders as dat daar in Hom geroem sal word nie. Enige keuse deur die mens, enige meriete aan die mens se kant, is totaal onvanpas. Aan Hom alle eer en roem.

Hierdie teks van die Dordtse leerreëls wil die almag van God beklemtoon. Die logiese gevolg van die saligheid in enige samewerking soek, is dat daar van God se eer weggeneem word.


ACTA
Ofte
Handelinghen
Des
NATIONALEN
SYNODI,
Inden Name onses Heeren Jesu Christi
Ghehouden door authoriteyt der Hoogh: Mogh: Heeren Staten Generael des Vereenighden Nederlandts,
TOT DORDRECHT,
Anno 1618. ende 1619.
Hier comen oock by de volle Oordeelen vande vijf Artijckelen.

Matth. 18. 20.
Waer twee ofte drij vergadert zijn in mijnen Name / daer ben ick midden onder hen.

1. Corinth. 11. 19.
Daer moeten oock Secten onder u lieden zijn / op dat sy die rechtsinnigh zijn onder u / openbaer worden.

Tot Dordrecht,
Ghedruckt by Isaac Iansz. Canin, ende sijne gheassocieerde Druckers inde selvighe Stadt. Inden Jare 1621.
Met Privilegie der H. M. Heeren Staten Generael. &

DIVERSA SED UNA